Psalm 3 **<u>'n "Maar U"-geloof!</u>**

<u>Dit was</u> <u>'n aaklige tyd</u> in Dawid se lewe (lees :1). Stel jou voor jy is 'n koning en jou eie seun konkel agter jou rug en bring 'n leër op die been om jou regering omver te werp! En dit 'n seun vir wie jy kleintyd die naam *"Vader van vrede"* gegee het…vir wie jy nog steeds innig lief het… (vertel 2 Sam 15:1-15).

<u>Absalom was ongeduldig en sonder selfbeheersing</u>. Die appel het nie ver van die boom geval nie. Hy gryp na dit wat hom nie toekom nie soos wat sy pa alle selfbeheersing verloor het en na 'n ander man se vrou gegryp het.

Kinders is geneig om hul **ouers se voorbeeld** te volg – ten goede en ten kwade. Beteken dit dat as jy 'n goeie ouer wil wees, jy altyd volmaak moet wees? Nee, want dis natuurlik nie moontlik nie. Maar dis nb om jou kind deur jou voorbeeld te leer hoe om foute en sondes te hanteer wanneer jy daaraan skuldig is. Leer hulle om *jammer* te sê; om God om *vergiffenis* te vra; om uit die foute *te leer*; om daarna *nog nader* aan die Here te lewe.

<u>Dawid het skuldig gevoel</u> oor die voorbeeld wat hy gestel het (16:10). Ouers voel soms *onnodig* skuldig. 'n Mens kan nie altyd die rede vir afvallige kinders by die ouers gaan soek nie. <u>*Bringing Home the Prodigals*,</u> p 2,3" (Rob Parsons).

In Vers 2 en 3 <u>vertel</u> Dawid <u>van sy vyande</u>: Hulle is *baie;* hulle kom in o*pstand* teen sy gesag; hulle dryf die *spot* met sy geloof en vertroue in God en sê *"Van God kom daar vir hom geen hulp nie!"* (:3) Vir 'n tyd lank het dit inderdaad **so gelyk**. Ons sien hom vlug uit Jerusalem. Waar is sy God nou? Dit alles moes vir hom bitter swaar gewees het.

Tog gee hy nie sy geloof prys nie. <u>Hy bely</u>: *"Maar U, Here, beskerm my aan alle kante…"* (:4) Hoe groot sy nood ookal mag wees, daar is 'n ***<u>"Maar U"</u>*** waaraan hy vashou: *"U herstel my eer en aansien".*

<u>In sy nood bid hy tot God</u>, want hy glo vas in die krag van gebed: *"As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af".* (:5)

Wanneer hy met sy nood in die gebed na God toe gegaan het, kom daar 'n <u>vrede</u> oor hom wat ons verstand te bowe gaan. Hy getuig self daarvan: *"As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my. Ek is nie bang vir tienduisende mense wat van alle kante af op my toesak nie".* (:6,7) (let op die herhaling van "alle kante" in vers 4 en 7). **Watter voorreg** om so 'n vertroue te kan hê. Watter voorreg om so 'n God te hê vir wie ons KAN vertrou. Dit bring kalmte, gee moed en bring hoop!

<u>Hy pleit met groot erns</u>: *"Kom tog, Here, help my, my God!"* God is vir hom 'n PERSOONLIKE God, daarom noem hy Hom "<u>MY God</u>". Hulle kom al 'n lang pad saam. "*U het nog altyd my vyande se mag verbreek, U het die aanval van die goddeloses afgeslaan."* (:8) Dit is soos wat ek U in <u>die verlede</u> leer ken het (agter skape … Goliat … Saul).

En dan sluit hy die psalm af met <u>sy eie belydenis</u> wat direk teenoor die gespot van die vyand staan: "*Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk".* (:9)

Julle kan maar spot en sê *"Van God kom daar vir hom geen hulp nie!"* MAAR EK sê: *"Hulp kom net van die Here af"*.

**Absalom** se magte is op die ou end verslaan. Tot sy pa se groot verdriet, het Absalom self ook gesneuwel.

Dinge verloop soms anders. Die **Here Jesus** uit die nageslag van Dawid het ook in sy nood tot God geroep. Sy vyande wat Hom na die kroon wou steek, het Hom egter gekruisig. MAAR: God het Hom weer uit die dood laat **opstaan**. Uiteindelik was Hy tog die Oorwinnaar en sit Hy op die troon!

**Paulus sit self in** die gevangenis wanneer hy Timoteus bemoedig: "*As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe; as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer"*. (2 2:11)

Ek weet nie wat **jou nood** vandag of in die toekoms mag wees nie – of dit ook te doen het met 'n *opstandige kind* of ander verhoudingsprobleme nie. Dalk is daar 'n *situasie* wat vir jou moeilik is om te hanteer. Miskien spot party mense met jou geloof ook. **Hoe tree jy op in nood?** Wat maak jy daarmee?

**Ek lees** die afgelope week dat iemand gesê het *"Deur die manier waarop God se kinders met lyding en probleme omgaan, wil Hy vir die wêreld wys dat hulle anders is"*. Dis juis in moeilike situasies dat God met sy kinders wil *"skou",* sê die Bybel in Praktyk (p 1 926).

Nadat Dawid sy nood beskryf het, het hy vervolg met 'n *"Maar U, Here…"*
Onthou die "Maar U…"! Onthou wat ons aangaande God *glo* en netnou weer hardop saam gaan bely. Dink terug aan wat Hy in die verlede gedoen het, hoedat Hy jou bv gered het. NET HY kon jou toe help. En bid tot Hom. Pleit by Hom. En vertrou Hom. Dit behoort jou te laat moed skep en rustig te laat slaap!

Amen
10/10/2010

**Bespreking:**

Wat verstaan jy onder 'n "Maar U"-geloof?
Watter gedagte(s) in die preek het jou getref?
Watter het jou laat wonder?
Waaraan het die preek jou laat dink?
Het jy 'n getuienis uit jou eie lewe wat jy met die ander wil deel?